

# Inleiding tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegeese van Nuwe- Testamentiese tekste: Die metodologiese aanloop in die navorsingsgeskiedenis

Andries G van Aarde<sup>1</sup>

Emeritus Professor: Fakulteit Teologie  
Universiteit van Pretoria

## Abstract

### Introducing the social-scientific critical exegesis of New Testament texts: Methodological initiators in the research history

*The article is the first of a series of three that aim to introduce social-scientific exegesis of New Testament texts. Aspects of the social background of these writings are analyzed in light of the perspectives which underlie the dynamics of first-century Mediterranean social world. The article shows that social-scientific criticism of the New Testament represents an exegetical approach by means of which the rhetoric of texts is interpreted in light of their cultural environment and the social interaction that determines this context and semeiotic codes. The first article focuses on the initiators in the field of historical-critical exegesis who paved the way to social scientific criticism and explain key facets of the “new” exegetical approach. The second article explains some models and methods of social-scientific criticism. The third article discusses some advantages of social scientific criticism and poses a critique of the approach by reflecting on the positivism that could underlie the epistemology behind some interpretation models used in social scientific criticism. It concludes with an emphasis on cultural criticism as a hermeneutical challenge.*

## 1. INLEIDING

Sedert die sewentigerjare word insigte vanuit die geestes- en menswetenskappe (soos sielkunde, sosiologie en antropologie) in die eksegeese van die Bybel gebruik

---

<sup>1</sup> Andries G van Aarde is 'n professoremeritus in die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. Hierdie artikel is met goedkeuring 'n verwerking in Afrikaans van 'n Engelse opstel (met Stephan Joubert as mede-outeur) wat in 'n bundel oor eksegetiese metodologie en hermeneutiek in die reeks *Guide to the New Testament, Volume III*, onder redaksie van A B du Toit deur Protea Publishing House uitgegee word.

### ***Inleiding tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegesi***

en hierdie benadering het as “sosiaal-wetenskaplike kritiek” bekend begin staan.<sup>2</sup> Aanvanklik was party eksegete skepties oor hierdie benadering (bv Werner Kummel 1985). Hulle het getwyfel of hierdie benadering werklik ’n nuwe wyse van eksegetiese kennis veronderstel en of dit nie maar bestaande inligting bloot op ’n ander manier, met nuwe name en in nuwe kategorieë daarstel nie. Uiteindelik het die sosiaal-wetenskaplike kritiek tog ’n gerespekteerde plek ingeneem tussen ’n verskeidenheid ander eksegetiese benaderings. Hierdie respek het uitgekling na teologiese kringe verder as dié van eksegete (kyk o a Countryman 1988; Gill [red] [1987] 1996; Riggs 2003:9-40).

Vandag maak eksegete toenemend van sosiaal-wetenskaplike teorieë gebruik om die antieke wêreld se sosiale dinamiek ten opsigte van mense, groepe en kulture beter te begryp, te beskryf en te verklaar. Dit is vanuit die perspektiewe grondliggend aan hierdie sosiale dinamiek waarteen die agtergrond van Bybelse geskifte verstaan behoort te word. Sosiaal-wetenskaplike kritiek as ’n eksegetiese benadering fokus op die Mediterreense kultuur en die sosiale interaksies wat hierdie kultuur bepaal. Dit wil vanuit ’n sosiale oogpunt die sosiale konteks van die dokumente in die Bybel analiseer en die retoriek in die boodskap van die dokumente begryp in die lig van hierdie kultuur asook in die lig van sosiale interaksies en die konteks waarin die dokumente ontstaan het.

Gegewe die belangstelling in die sosiale wetenskappe as ’n wyse om die sosiale kodes te ondersoek wat in tekste geënkodeer is, kan ’n wetenskaplike studie van die Nuwe Testament dus daarby baat deur ag te slaan op die metodologie en resultate van en die problematiek rondom die sosiaal-wetenskaplike kritiese benadering. In hierdie reeks artikels word

- ’n kort oorsig gebied van die faktore wat gelei het tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegesi,
- die baanbrekers in die veld bespreek,
- verskeie fasette van “sosiologiese eksegesi” uitgelig,
- ontledingsmetodes verduidelik en
- die voor- en nadele van sosiaal-wetenskaplike kritiek aan die orde gestel.

---

<sup>2</sup> Hiermee word erkenning gegee aan Stephan J Joubert (1992a) vir sy instemming op versoek van A B du Toit (redakteur van *Guide to the New Testament, Volume III*) dat Joubert se ongepubliseerde opstel, “Sosiaal-wetenskaplike analise” (voltooi in Desember 1992), as vertrekpunt en raamwerk van die skrywer se historiese oorsig van sosiaal-wetenskaplike kritiek sal dien. In die gekompakteerde Engelse weergawe van die drie artikels word Stephan Joubert as mede-outeur aangedui.

Laasgenoemde kritiese refleksie vind plaas in die laaste artikel van die reeks. Hierdie refleksie neem die kritiek in ag dat sosiaal-wetenskaplike eksegetiese positivisties sou wees omdat dit eksegetiese resultate determineer in terme van interpretasiemodelle wat die eksegeet op tekste sou afdwing. Die refleksie eindig met die beklemtoning van kultuurkritiek as 'n hermeneutiese uitdaging vir eksegete van Nuwe-Testamentiese tekste in kritiese teologiese konteks. In die eerste artikel word aandag aan items 1 en 2 gegee, in die tweede aan item 3 en in die derde aan items 4, 5 en 6.

## 2. EKSEGETIES-METODOLOGIESE BENADERINGS WAT TOT SOSIAAL-WETENSKAPLIKE KRITIEK GELEI HET

### 2.1 Inleiding

Die belangstelling in die sosiale wetenskappe is niks nuuts in eksegetiese werk nie. Aan die einde van die negentiende en aan die begin van die twintigste eeu het die bekende kundige oor die vroeë kerk, Adolf von Harnack (1851-1930), en teoloë en eksegete soos Ernst von Dobschütz (1904), Ernst Troeltsch ([1911] 1960), Gustav Adolf Deissmann ([1908] 1927) en Ernst Lohmeyer ([1921] 1973) belanggestel in die sosiale sy van die vroeë bewegings wat gelei het tot wat later as die Christendom bekend sou staan.

In sy beroemde werk, *Licht vom Osten* (in 1927 in Engels vertaal as *Light from the ancient East: The New Testament illustrated by recently discovered texts of the Graeco-Roman world*), het Deissmann (1866-1937) aangedui waarom hy oordeel dat Nuwe-Testamentiese geskryfte nie net *littérêr* (teenoor 'n oorbeklemtoonde teologies-dogmatiese uitleg) verstaan behoort te word nie, maar ook *sosiaal*, en wel teen die agtergrond van die Griekse "volksliteratuur" van die eerste eeu. Hierdie literatuur word so genoem omdat dit dokumente is wat nie in die eerste plek as letterkundige werke bedoel was nie. Hiermee het Deissmann die papyrus-literatuur (veral uit Egipte) in die oog gehad wat mededelings soos onder andere oor alledaagse koop- en verkoopkontrakte, huwelikooreenkomste, aanneming van kinders en persoonlike briewe bevat. Hy het daarop gewys dat baie van Jesus se vroeë volgelingen kleinboere (*peasants*) was wat nie aan die adelike stand van die aristokrasie behoort het nie – 'n standpunt wat Von Harnack ([1902] 1908) en Troeltsch (1960) met hom gedeel het. In die antieke samelewing voor industrialisering was daar basies net twee sosiale "klasse", naamlik die "boereklas" en die "adelstand". Daar was geen middelklas soos sedert industrialisasie nie (kyk Van Aarde 1993:515-545; Lenski et al [1970] 1995:217).

Tussen die twee Wêreldoorloë was die Universiteit van Chicago 'n belangrike sentrum waar navorsing oor die sosiale ontwikkeling van die vroeë Christendom gedoen is. Die hoofvertegenwoordigers van die "Chicago skool" (kyk Robert W Funk 1976:4-22; Haynes 1981) was Shirley Jackson Case en Shailer Matthews (kyk o a Case 1914, 1923; Matthews 1897). Hulle het die rol van sosiale prosesse in die vorming van die waardes van Judaïsme en die Christendom in hulle vroeëre stadia beklemtoon. Tradisioneel het Bybelwetenskaplikes verkies om klem te lê op die ontwikkeling van vroeë "Joodse" en "Christelike" bewegings in terme van literêre prosesse of institusionele faktore.

## **2.2 Anakronisme**

Een van die gevolge van die bestudering van die vroegste vormende stadia van eerste-eeuse godsdienste (soos die Judaïsme en die Christendom) was Bybelwetenskaplikes se toenemende besef van die "hermeneutiese dwaling" wat *anakronisme* in eksegesi kan inhou. Dit is die eksegetiese "fout" om dinge wat kronologies eers later in die geskiedenis sosiale verskynsels geword het, in 'n vroeëre tyd toe dit nog nie bestaan het nie, as sosiale verskynsel in tekste te veronderstel. In teologiese diskussies kom hierdie "dwaling" dikwels voor. Die gevolg is dat eksegete gewoon raak aan terme wat veronderstel was om te verwys na verskynsels in die Bybel, maar wat eintlik in Bybelse tye onbekend was. Dikwels het 'n bepaalde begrip eers in die moderne tyd ontstaan, moontlik as gevolg van moderne refleksie.

So byvoorbeeld is die begrip "eskatologie", wat verwys na 'n bestudering van verskynsels wat verband hou met die einde van alle tye, 'n teologiese begrip (eintlik 'n "*theologoumenon*" omdat dit slegs in teologiese kringe gebruik word) uit die onlangse moderne tyd (kyk o a Lauer 1981). In sy boek, *Windows on the world of Jesus: Time travel to ancient Judea*, het Bruce Malina (1993:156) getoon dat mense rondom die antieke Middellandse See min belanggestel het in 'n abstrakte begrip van die toekoms ('n "*abstract future*") en dat hulle basies op die hede gekonsentreer het (hulle was "*essentially present-oriented*") (kyk ook Malina [1989] 1996 se bydrae, "Christ and time: Swiss or Mediterranean").

Om anakronisme te voorkom behoort 'n mens eintlik ook nie begrippe soos "Christelik" of "Joods" te gebruik om te verwys na die inwoners van Palestina gedurende die eerste eeu of na Jesus se eerste volgelinge nie. In verband met "Jode" het sosiaal-wetenskaplike kritiek by Malina (1993:62-70) daartoe gelei dat hy voorgestel het dat ons eerder moet praat van "Mediterreense Judeërs" (vgl ook John Pilch 1997 se artikel, "Are there Jews and Christians in the Bible?"; vgl ook Pilch 1993a). Derhalwe verwys die

begrip “Israeliete” of “Israeliet” ook nie spesifiek op “Joodse” voorsate vóór die Babiloniese ballingskap, terwyl “Jode” of “Joods” na die era ná die ballingskap sou verwys nie. In der waarheid is die term “Joods” (of “Jode”) ’n anakronisme.

Die term “Judeër” (nie “Jood” nie) – ’n vertaling van die Griekse term *loudaios* – is ’n streeksnaam vir ’n inwoner van Judea (in Grieks: *loudaia*), ter onderskeiding van byvoorbeeld ’n inwoner van Galilea (in Grieks: *Galilaios*). Dit wil voorkom of die term “Judeër” nie ’n self-benoeming was nie. Mense wat die sosio-religieuse ideologie van die Tweede Tempel na die Babiloniese ballingskap aangehang het, dit wil sê mense vanuit die “binnekring” afkomstig uit Judea of Galilea, het na hulleself verwys as die “mense van God” of die “huis van Israel” (bv in Matt 10:6) en nie in die eerste plek as “Judeërs” nie. Uit die “binnekringperspektief” van Israel self is mense wat buite hierdie kring gestaan het, gestereotipeer as buitestaanders ( d w s “outsiders”) wat “nie-Israeliete” is (bv in 1 Makk 1:15 en 2 Makk 10:4). In die Bybel word daar na hulle verwys as *goyim* of *ethnoi*, wat dikwels as “heidene” (in Engels: “*gentiles*”) vertaal word (vgl Esler 2003:55). Die Griekse woord “*ethnos*” (en die meervoud daarvan, “*ethnoi*”) is egter ook in Bybelse en nie-Bybelse geskifte gebruik om te verwys na ’n versameling of groep, byvoorbeeld van plante, voëls, of mense oor die algemeen (kyk Duling 2005a:129). Uit die perspektief van ’n binnegroep (“*in-group*”), byvoorbeeld in Matteus, is Jesus se volgelingen nie as “Christene” getipeer nie, maar as “mense” (*anthrōpoi*, bv in Matt 4:19; of *ethnos*, bv in Matt 21:43). En tog was hierdie “mense” steeds deel van die “huis van Israel”, hoewel Matteus ook “uitgeworpenes” uit beide die huis van Israel en nie-Israelietiese groepe – wat gestereotipeer is as *mamzerim* (in Engels: “bastards”) – ingesluit het.

Die term “*Christianoī*” is ’n verdere voorbeeld van stereotipering wat deur die Judeërs en die Romeine gebruik is om te verwys na Jesus se volgelingen, byvoorbeeld in Sirië (vgl Hand 11:26 waar die volgelingen [*mathētai*] van Jesus vir die “eerste keer” “Christene” genoem is). Uit ’n “in-groep” perspektief het Matteus egter nie Jesus se volgelingen as “Christene” voorgestel nie, maar as “mense” wat ’n “kerk” (*ekklēsia*) gevorm het (in Matt 16:18; 18:17) in teenstelling met ’n “sinagoge” (*sunagōgē*) (o a in Matt 9:35).

### 2.3 Die historiese kritiek as oorgang

Dit is duidelik dat sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegeses ’n noemenswaardige invloed op teologiese insigte uitgeoefen het. Eksegete se belangstelling in sosiale verskynsels in die Bybelse geskifte het egter ’n aanloop gehad. In die vroeë jare van die twintigste eeu het ’n aantal Marxistiese geskiedkundiges ook na verskeie sosiale aspekte in Bybelse

### ***Inleiding tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegesi***

geskryfte gekyk (kyk, o a, Miranda [1971] 1974; Boer 2003). So, byvoorbeeld, het Karl Kautsky ([1908] 1953) Jesus se vroeë volgelinge beskryf as 'n proletariëse en revolusionêre beweging van die laer klasse in die Israelitiese samelewing. Toe meer "heidene" in die Grieks-Romeinse wêreld Christusvolgelinge geword het, het die kerk ook bestaan uit mense uit die meer goeie klasse. Uit Kautsky (1982) se twintigste-eeuse Marxistiese perspektief het Christendom die geloof geword van die opgevoede "middelklas" wat maar ter wille van die beskerming van hulle eie belange saam met die regerende klas gewerk het.

Teen die 1920er jare het Bybelwetenskaplikes se belangstelling in die sosiale aspekte van die Christendom begin afneem. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die opkoms van die *Formgeschichte* as een van die eksegetiese metodes in die histories-kritiese paradigma. *Formgeschichte* het ook 'n "sosiologiese" belangstelling (vgl Osiek 1984:3). Die belangstelling in die "sosiologiese" kontekste (die *Sitz im Leben*) van die vroegste Jesusbewegings (kyk o a Zimmermann [1967] 1974:145) was van 'n *histories-literêre* aard (kyk Berger 1977:219). Daarvolgens veroorsaak 'n bepaalde sosiale behoefte (die *Sitz im Leben*) die keuse van 'n "vorm" (*Gattung/Form*) as 'n toepaslike draer vir die boodskap. So, byvoorbeeld, kan iemand se dood (*Sitz im Leben*) tot 'n klaaglied (*Form*) lei. Derhalwe het die "sosiologiese konteks" *veroorzaak* dat die raconteurs en skrywers wat die Jesus-tradisies oorgelewer het, sekere *vorms* gekies – soos 'n gelykenis, wonderwerk of strydgesprek – wat dan funksioneel sou wees in die oordrag van 'n boodskap na aanleiding van 'n sekere Jesus-tradisie.

Die eksegetiese resultate wat uit die *Formgeschichte* verkry is, het egter nie op aspekte van die sosiale dinamiek van tekste gefokus nie. Hierdie fokus word wel in die sosiologie aangetref (kyk o a Zuckermann 2003:17-23), omdat die sosiale wetenskappe geïnteresseerd is in onder andere die sosiale interaksie van individue of groepe (wat vir die skryf van tekste verantwoordelik is). Dit is egter ironies dat die prioriteit wat eksegete metodologies aan die *Formgeschichte* gegee het, gelei het tot 'n verminderde fokus op die bydrae wat die sosiale wetenskappe as sodanig tot die uitleg van die Bybel kan maak. Hierdie situasie het begin verander toe eksegete die waarde besef het om daadwerklik insigte vanuit onder andere die sosiologie te ontgin.<sup>3</sup>

---

<sup>3</sup> Vir 'n oorsig van die faktore wat tot sosiaal-wetenskaplike kritiek as 'n eksegetiese metode gelei het, kyk onder andere Gewalt (1971:87-99); Malherbe (1977:4-11); Best (1983:181-194); Kümmel (1985:327-363); Kee (1989:3-4); Schmidt (1989:115-132); Schottroff (1990:247-256); Elliott (1993:17-35); Horrell (1999:309-338) en Esler (2005a:3-14).

### 3. FAKTORE SEDERT DIE SEWENTIGERJARE

Tussen 1920 en die vroeë 1970er jare het daar 'n aantal publikasies verskyn wat die Christendom vanuit verskeie sosiale perspektiewe ontleed het. 'n Voorbeeld hiervan is die werk van die Australiese klassikus, Edwin Judge (1960a, 1960b, 1968). Dit was egter die werk van die Britse Bybelwetenskaplike, J D M Derrett, met sy 1973-publikasie, *Jesus' audience: The social and psychological environment in which he worked*, wat nuwe rigting aan Bybelondersoek gegee het. In hierdie werk fokus Derrett op sosiale konvensies in die eerste-eeuse wêreld rondom die Middellandse See, soos byvoorbeeld die rol van die "bose oog" (die *evil eye*) (Derrett 1973:119, 123). Sedert die sewentigerjare het ander navorsers ook ander onafhanklike en oorspronklike werk in hierdie verband gelewer.<sup>4</sup> Die werk van die Noord-Amerikaners Wayne Meeks (1975) en John Gager (1975, 1982) – professore in Nuwe-Testamentiese Wetenskap aan onderskeidelik Yale Divinity School en Princeton University – is 'n goeie voorbeeld hiervan.

In 1975 verskyn John Gager se boek, *Kingdom and community: The social world of early Christianity*. In hierdie boek het hy insigte gebruik uit die kennissosiologie (oorgeneem van die sosioloë Peter Berger en Thomas Luckmann [1975]) en die sosiologiese teorie wat as kognitiewe dissonansie bekend staan (oorgeneem van Leon Festinger [1957]). Met behulp van hierdie teorieë het Gager die apokalipties-profetiese tendense in die vroegste Jesus-bewegings vergelyk met hedendaagse millennialistiese groepe (bv die sogenaamde Maleise "cargo cults").<sup>5</sup> In 'n interessante artikel, "The man from heaven in Johannine sectarianism", wat in 1972 verskyn het, fokus Wayne Meeks spesifiek op die rol van sosiaal-wetenskaplike teorieë in terme waarvan data vanuit die Nuwe Testament ontleed word. Ook hy maak gebruik van Peter Berger en Thomas Luckmann se kennissosiologie as teorie om die uitbeelding van Jesus as die "neerdalende en opstanende verlosser" (*descending and ascending redeemer*) in die Evangelie van Johannese te beskryf. Meeks toon dat daar 'n dialektiese verhouding tussen die Johannese gemeenskap se ervarings en hulle simboliese wêreld bestaan het. Volgens sy

<sup>4</sup> Kenners van die Nuwe Testament wat 'n beslissende rol in die renaissance van die "sosiologiese" eksegetiese gedurende die 1970er, 1980er en vroeë 1990er jare gespeel het, was Wayne Meeks (1975), John Gager (1975, 1982), Gerd Theissen ([1974a] 1983, 1974b, [1977] 1978, [1979] 1983), Robin Scroggs (1980), Paul W Hollenbach (1981) en H C Kee (1982b, 1989, 1991).

<sup>5</sup> 'n Soortgelyke belangstelling in kognitiewe dissonansie, wat verwys na Gager se baanbrekerswerk met erkenning aan die invloed van Gerd Theissen, is onlangs deur Per Bilde (2005:118-135) uitgespreek in sy artikel in *Evangelische Theologie* (65/2), "Kognitive Dissonanzreduktion in der Jesusbewegung: Ein sozialpsychologischer Beitrag zum Verständnis neutestamentlicher Texte".

### ***Inleiding tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegesi***

interpretasie het “Jode”<sup>6</sup> vir lede van die Johannese gemeenskap uit die sinagoges verban, op grond van hulle siening van Christus. Die vervreemding wat hulle as gevolg van hierdie situasie ervaar het, is op Jesus geprojekteer. Dit het daartoe gelei dat Jesus uitgebeeld is as ’n vreemdeling wat nie deur sy eie mense aanvaar en verstaan is nie. Op hierdie wyse het die Evangelie van Johannes die simboliese wêreld van sy lesers bevestig en hulle sosiale identiteit onderskraag.

Benewens ’n aantal ander publikasies in die veld van “sosiologiese eksegesi”, het Meeks in 1983 nog ’n ander belangrike monografie gepubliseer, met die titel *The first urban Christians: The social world of the apostle Paul*. Hierdie werk fokus op verskeie sosiale fasette van die Pauliniese gemeenskappe en beskryf hoe dit was om in die eerste eeu ’n Christen te word en te wees (“what it was like to become and be an ordinary Christian in the first century”) (Meeks 1983:2; vgl ook Meeks [1983] 1999). Meeks maak op ’n eklektiese wyse gebruik van wyd uiteenlopende sosiaal-wetenskaplike teorieë en modelle om data in die Paulusbriewe te ondersoek. Hy verwys hierna as sy *piecemeal theory* (Meeks 1983:6).

In ’n metodologiese oorsigartikel met die opskrif “The social description of early Christianity” het Jonathan Z Smith (1975) vier verskillende velde van die sogenaamde “sosiologiese” benadering geïdentifiseer: (a) die beskrywing van sosiale data in die Nuwe Testament en in die kontemporêre literatuur van daardie tyd; (b) die ontwikkeling van ’n sosiale geskiedenis van die vroeë Christendom binne die konteks van die sosio-politieke omgewing; (c) die ontleding van die sosiale instellings van die vroegste kerk, en (d) die ondersoek na die sosiale en simboliese wêreld van vroeë Christene.

Laasgenoemde fokus in die besonder op die simbole, rolle, rites, rituele en taalgebruik wat aanleiding gegee het tot hulle sosiale wêreld (bv Grainger [1988] 2000; Bernstein [1971] 1975). Voorbeelde van sulke sosiologiese ontledings kan gevind word in studies wat die politieke, argeologiese en filologiese aspekte van, byvoorbeeld, die Pauliniese gemeenskappe beklemtoon,<sup>7</sup> dié van die Markusgemeenskap,<sup>8</sup> dié van die

---

<sup>6</sup> Vir die rede waarom die term “Jode” in aanhalingstekens geplaas word, kyk opmerkings oor anakronisme in afdeling 2.2 hierbo.

<sup>7</sup> Byvoorbeeld A Funk (1981); Meeks (1983); Malina (1986c); McDonald (1988); Neyrey (1990); Craffert (1993, 1994); Horrell (1996, [1997] 1999).

<sup>8</sup> Byvoorbeeld Myers (1988); Waetjen (1989); Van Eck ([1994] 1995)].



Matteusgemeenskap,<sup>9</sup> dié van die Lukasegemeenskap,<sup>10</sup> 1 Petrus,<sup>11</sup> 2 Petrus,<sup>12</sup> Judas,<sup>13</sup> Openbaring,<sup>14</sup> eksegetiese kommentaar op (a) die Sinoptiese Evangelies,<sup>15</sup> (b) die Johannesevangelie,<sup>16</sup> (c) die boek Openbaring<sup>17</sup>. In hierdie kader vind 'n mens ook “algemene” studies oor die sosiale wêreld van die “vroeë Christendom” as sulks.<sup>18</sup>

Sommige ontledings het 'n eng fokus op konsepte soos die “historiese Jesus”,<sup>19</sup> die koninkryk van God,<sup>20</sup> eer en skande,<sup>21</sup> sektariese bewegings en kultusse,<sup>22</sup> “stigmatisering en charisma”,<sup>23</sup> mag en voorregte (“*power and privilege*”),<sup>24</sup> leierskap en outoriteit,<sup>25</sup> rituele,<sup>26</sup> transformasierites soos die doop,<sup>27</sup> veranderende bewussynstoestande (*alternated states of*

---

<sup>9</sup> Byvoorbeeld Crosby (1988); Syreeni (1990); White (1991); Saldarini (1991, 1992, 1994); Segal (1991); Overman (1990); Vledder & Van Aarde (1994, 1995); Neyrey (1998b); Carter (2000, 2001);

<sup>10</sup> Byvoorbeeld Esler ([1987] 1996; Stegemann (1991); Van Staden (1991); Scheffler (1993).

<sup>11</sup> Byvoorbeeld Elliott ([1981] 1990, 2000).

<sup>12</sup> Byvoorbeeld Malan & Van Aarde (1999).

<sup>13</sup> Byvoorbeeld Joubert (1989, 1990).

<sup>14</sup> Byvoorbeeld Malina (1995b); Malina & Pilch (2000).

<sup>15</sup> Byvoorbeeld Malina & Rohrbaugh (1992).

<sup>16</sup> Byvoorbeeld Malina & Rorhrbaugh (1998).

<sup>17</sup> Byvoorbeeld Malina & Pilch (2000).

<sup>18</sup> Byvoorbeeld Stambaugh & Balch (1986); Horsley & Hanson (1985); Saldarini (1988); Kyrtatas ([1987] 1988); Fiensy (1991); Van Aarde (1994b); Malina (1993, 1996).

<sup>19</sup> Byvoorbeeld Craffert (2001a, 2002a, 2003a, 2003b, 2006); Craffert & Botha (2000); Van Aarde (2002).

<sup>20</sup> Byvoorbeeld Malina (2001).

<sup>21</sup> Byvoorbeeld Neyrey (1998a, 1998b); Moxnes (1996:19-40).

<sup>22</sup> Byvoorbeeld Wilson (1973), Stark (1986), Stark & Bainbridge (1985), Smith (1980), Scroggs ([1975] 1999); Craffert (2001c).

<sup>23</sup> Byvoorbeeld Mödritzer (1994).

<sup>24</sup> Byvoorbeeld Holmberg (1978).

<sup>25</sup> Byvoorbeeld Schütz (1975), Horrell ([1997] 1999), Dreyer (2002).

<sup>26</sup> Byvoorbeeld MacDonald (1988); DeMaris (2002).

<sup>27</sup> Byvoorbeeld McVann (1991a, 1991b).

### ***Inleiding tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegesi***

*consciousness*),<sup>28</sup> veranderende bewussynstoestande wat verband hou met gesigte (visies),<sup>29</sup> apokaliptiek,<sup>30</sup> opstandingservarings,<sup>31</sup> “loop op water”,<sup>32</sup> geestesbesetting/demoniese besetting,<sup>33</sup> die rol van imperiale magte,<sup>34</sup> siekte en siektes (*sickness* en *disease*),<sup>35</sup> shamanisme in Jesusstudies,<sup>36</sup> Jesus se genesings,<sup>37</sup> en die vroegste doop en nagmaal as “anti-samelewingsverbalisasie” van veranderde bewussyn.<sup>38</sup>

In ander studies is aspekte uit die sosiale wêreld van die “vroë Christene” vergelyk met religieuse groepformasie in die antieke tyd. Sommige van hierdie studies ondersoek die sosio-ekonomiese situasie van die “vroë Christene”<sup>39</sup> en armoede.<sup>40</sup> Ander fokus op spesifieke aspekte soos hulle maaltye,<sup>41</sup> simboliese universum,<sup>42</sup> groepformasie,<sup>43</sup> beskermheerskap (oftewel *patronage*),<sup>44</sup> konflik,<sup>45</sup> die proses van institutionalisering en de-

---

<sup>28</sup> Byvoorbeeld Pilch (1993b, 1995, 1996, 1997a, 1997b, 2002), Craffert (2002b).

<sup>29</sup> Byvoorbeeld Pilch (2002).

<sup>30</sup> Byvoorbeeld Van Aarde (2001b).

<sup>31</sup> Byvoorbeeld Pilch (1998a, 2003); Craffert (1989, 2002c, 2005); Van Aarde (2001a:180-186).

<sup>32</sup> Byvoorbeeld Pilch (1998b); Craffert & Botha (2000).

<sup>33</sup> Byvoorbeeld Davies (1995).

<sup>34</sup> Byvoorbeeld Duling (2005b).

<sup>35</sup> Byvoorbeeld Pilch (1995, 1986, 1988, 1991a, 1992, 1995, 2000); Craffert (1999a).

<sup>36</sup> Byvoorbeeld Craffert (1999b).

<sup>37</sup> Byvoorbeeld Pilch (2000); Van Aarde (2000).

<sup>38</sup> Kyk die DD-proefskrif (Universiteit van Pretoria) van Jonanda Groenewald (2005) en vergelyk Groenewald & Van Aarde (2006:41-67).

<sup>39</sup> Byvoorbeeld Robin Smith (1980); Oakman (1986, 1991, 1992, 1996).

<sup>40</sup> Byvoorbeeld Hollenbach (1987); Malina (1986b:148-159); Van Aarde (1996:947-964).

<sup>41</sup> Byvoorbeeld J H Elliott (1991); Dennis E Smith (2003).

<sup>42</sup> Byvoorbeeld Joubert (1992b, 1992c).

<sup>43</sup> Byvoorbeeld Malina (1995c).

<sup>44</sup> Byvoorbeeld Elliott (1987); Malina (1988a); Joubert (2000, 2005); Osiek (2005a).

<sup>45</sup> Byvoorbeeld Duling (1997, 1998); Vledder ([1994] 1997).

institutionalisering – waarna ook verwys word as *structuration theory*,<sup>46</sup> marginalisasie,<sup>47</sup> etnisiteit en sosiale identiteit,<sup>48</sup> en “anti-samelewing” (met ander woorde, die “subversiewe” aard van Jesus en sy eerste volgelinge.<sup>49</sup> Ander studies konsentreer weer op aspekte soos gesinswaardes<sup>50</sup> en die rol van kinders in die antieke tyd.<sup>51</sup>

#### 4. 'N INTERDISSIPLINÊRE BENADERING

Talle van hierdie studies bou voort op die navorsing van sosioloë, antropoloë, en psigoloë. In teenstelling met 'n taamlik arbitrêre seleksie uit sosiologiese insigte, waarna John Gager (1979) verwys as “sosiale beskrywing”, het 'n aantal Bybelwetenskaplikes doelbewus besluit om hulle “sosiologiese benadering”<sup>52</sup> te baseer op bepaalde sosiologiese modelle (kyk Pilch 2001). 'n Sodanige sosiologiese model bou 'n bepaalde teorie en perspektief uit. John H Elliott (emeritus professor van die University of San Francisco) was die eerste Bybelwetenskaplike wat na so 'n ontleding van Bybelse data verwys het as “sosiaal-wetenskaplike kritiek”.<sup>53</sup>

#### 5. DIE ROL VAN DIE CONTEXT GROUP

Die feit dat hierdie benadering so vinnig veld onder eksegete begin het, is toe te skryf aan die produktiewe skryfwerk van 'n hele aantal pioniers op die

---

<sup>46</sup> Byvoorbeeld Horrell ([1997] 1999:309-338); Dreyer (2000, 2001, 2002).

<sup>47</sup> Byvoorbeeld Duling (1993, 1995, 2002).

<sup>48</sup> Byvoorbeeld Duling (2005); Esler (2003); Stegemann (2004); Cromhout (2005); Van Aarde (2006).

<sup>49</sup> Byvoorbeeld Malina & Rohrbaugh (1998:7).

<sup>50</sup> Byvoorbeeld Oliver & Van Aarde (1991), Osiek & Balch (1997), Van der Watt (2000, 2001), Osiek (2005b).

<sup>51</sup> Byvoorbeeld Van Aarde (2004), Bakke (2005).

<sup>52</sup> 'n Term wat P J Richter gebruik het in 'n oorsigartikel wat in 1984 verskyn het.

<sup>53</sup> Vir 'n verduideliking van die onderskeid tussen “sosiale beskrywing” en “sosiaal-wetenskaplike kritiek”, kyk onder andere Osiek 1984:24-66; 1989, 1992; Rohrbaugh 1987a, 1987b; Domeris 1988; Jan Botha 1989; Craffert 1991; en die artikel deur Piet van Staden en Andries van Aarde wat in 1991 in *Hervormde Teologiese Studies* (47, bls 55-87), getitel “Social description or social-scientific interpretation? A survey of modern scholarship”, gepubliseer is as 'n hersiene weergawe van 'n gedeelte van P van Staden se DD-proefskrif wat in 1990 deur die Universiteit van Pretoria aanvaar is onder die leiding van A G van Aarde.

### ***Inleiding tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegesi***

gebied.<sup>54</sup> Sedert die 1970er jare het baie van hierdie Bybelwetenskaplikes die kern gevorm van 'n navorsingsgroep, onder leiding van John Elliott (en John Kloppenborg sedert 2007), wat hulleself die “Context Group. Project on the Bible in Its Cultural Environment” noem en wat sedert 1990 jaarliks in die VSA bymekaarkom.<sup>55</sup>

Die “oorsprong” van die Context Group is die “Working Group van die Social World of Early Christianity” van die Society of Biblical Literature (SBL) en die American Academy of Religion (AAR) (ondersteun deur Wayne Meeks en Abraham Malherbe) en die sogenaamde BASTARDs (“Bay Area Society for Theology and Related Disciplines”), wat deur John Elliott en Norman Gottwald georganiseer was. Terselfdertyd het verskeie taakgroepe onder die beskerming van die Catholic Biblical Association aktief geraak en het hulle Bybelwetenskaplikes soos Bruce Malina (Greighton University), Jerome Neyrey (University of Notre Dame), John Elliott (University of San Francisco) en John Pilch (Georgetown University) betrek. Dit het daartoe gelei dat Bruce Malina in 1976 amptelik die “Task Group on the Social Sciences and the New Testament” onder voogdyskap van die Catholic Biblical Association gevorm het.

---

<sup>54</sup> Name wat vermeld kan word, is dié van Bruce Malina (1978a, 1978b, [1981] 1993, 1982, 1986a), John Elliott ([1981] 1990), Richard Rohrbaugh (1978, 1984, 1987a, 1987b), John J Pilch (1985, 1986, 1988, 1991), Douglas Oakman (1986, 1991), Jerome H Neyrey (1986, 1988a, 1988b, 1991a, 1991b, 1991c), Halvor Moxnes (1988), Philip F Esler ([1987] 1996), Dennis Duling (2003) en Ou-Testamentiese kenners soos Norman K Gottwald (1979, 1983), K C Hanson [& D Oakman] (1998), R R Wilson (1984), J W Rogerson (1978, 1989), en Victor H Matthews (tesame met Don C Benjamin) (1993) (kyk die oorsigartikel oor Ou-Testamentiese studies in *Hervormde Teologiese Studies* 56[1] 2000, 137-173, deur P Kruger).

<sup>55</sup> Die Context Group het ook internasionale vergaderings gehou in Medina del Campo in Spanje (1991), St Andrews in Skotland (1994), Praag in Pole (1997), Tützing in Duitsland (1999), Pretoria in Suid-Afrika (2001), St Petersburg in Rusland (2005) en Salamanca in Spanje (2006) (kyk 'n “outobiografiese” oorsig van die Context Group Project deur Philip F Esler 2005b:46-61).

In 1986 het Robert W Funk die Westar Institute (gesetel in Santa Rosa, Kalifornië) gestig en het hy die bekende Jesus Seminar gevestig.<sup>56</sup> Die stigtingsvergadering in Redlands, Kalifornië, het die moontlikheid ondersoek van die samesmelting van die twee seksies van die Society of Biblical Literature (SBL), naamlik die Social History of Early Christianity Section en die Social Sciences and New Testament Interpretation Section. Op uitnodiging van Robert Funk (’n voormalige president van die SBL), het John Elliott die voorsitter geword van die Social Facets groep wat parallel met die Jesus Seminar vergader het vanaf 1986 tot 1989. In 1986 het John Elliott volume 35 van *Semeia*, getiteld “Social-scientific criticism of the New Testament and its social world” geredigeer, onder die vaandel van die Social Sciences and New Testament Interpretation Section van die SBL. In samewerking met die Jesus Seminar het Bruce Malina and Jerome H Neyrey die boek *Calling Jesus names: The social value of labels in Matthew* in 1988 gepubliseer deur Funk se Westar Institute se Polebridge Press. Twee ander invloedryke publikasies wat uit hierdie gesamentlike onderneming gespruit het, was ’n versameling essays oor Markus 7:1-13 en die Beelzebul-perikoop in die Westar Institute se vaktydskrif *Foundations & Facets Forum* (Volume 4[3], 1988; met ’n inleiding deur Robert Funk)<sup>57</sup> en een oor Openbaring genaamd *Listening: Journal of Religion and Culture* (Volume 28, 1993), onder die redaksie van Mark McVann.

In 1989 het Robert Funk die Social Facets Group ontbind (kyk Esler 2005b:51). Gedurende die SBL se jaarlikse byeenkoms in 1989 in New Orleans het voormalige sleutellede van die Westar Institute se Social Facets Group, in die besonder diegene wat belang gestel het in die toepassing van sosiaal-wetenskaplike modelle op die eksegeese van die Nuwe Testament, besluit om die Context Group te stig met John H Elliott as voorsitter.<sup>58</sup> Die Context Group ontmoet nou reeds sedert 1990 gereeld op ’n jaarlikse basis in Maart, eers aanvanklik in Portland, Oregon en later alternatiewelik in Ashton (naby Philadelphia,

---

<sup>56</sup> Kyk veral die twee publikasies wat deur die Westar Institute se Polebridge Press (Sonoma, CA) uitgegee is, te wete Funk & Hoover (and The Jesus Seminar) ([1993] 1997) en Funk (and The Jesus Seminar) (1998).

<sup>57</sup> Nog twee bydraes deur John Elliott het in *Forum* verskyn: “Patronage and clientism in early Christian society: A short reading guide” (*Forum* 3, 39-48) in 1987, en “The fear of the leer: The evil eye from the Bible to L’il Abner” (*Forum* 4, 77-85) in 1988.

<sup>58</sup> John H Kloppenborg (Trinity College, Toronto, Kanada) neem sedert 2007 waar as voorsitter.

### ***Inleiding tot die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegesi***

Pennsylvania) naas Portland. Die deelnemers kom nie net van die VSA af nie, maar ook van Kanada, Duitsland, die Verenigde Koninkryk, Australië, Suid-Afrika, Spanje, Italië, en België.<sup>59</sup>

Navorsing wat reeds tydens die era van die Social Facets Group gedoen is, het gelei tot publikasies soos *The social world of Luke-Acts* (1991), onder redakteurskap van Jerome H Neyrey, en *Biblical social values and their meaning: A handbook* (1993), onder redakteurskap van John J Pilch en Bruce J Malina. Na aanleiding van die internasionale vergaderings is baie van die aanbiedings van die Medina del Campo vergadering in Spanje in 1991 gepubliseer in Volume 22 van die *Biblical Theology Bulletin* (1992), onder redakteurskap van David Bosman. Die bydrae van die St Andrews ontmoeting in Skotland het in 1995 verskyn. Die volume se titel was *Modelling early Christianity*, en Philip F Esler was die redakteur. Die Tützing-bydraes het onder redakteurskap van Wolfgang Stegemann (Augustana Hochschule, Neuendettelsau, Duitsland), Bruce Malina (Greighton University, VSA) en Gerd Theissen (Heidelberg, Duitsland) het in 2004 in Duits verskyn (onder die titel *Jesus in neuen Kontexten*) uitgegee deur Kohlhammer Verlag, en in Engels deur Fortress Press (onder die titel *The social setting of Jesus and the Gospels*). Die meeste van die bydraes wat aangebied is by die ontmoeting by die Universiteit van Pretoria (gereël deur Eugene Botha, Stephan Joubert, Pieter Craffert en Andries van Aarde) het in 2002 verskyn in *Hervormde Teologiese Studies*, Volume 58(2), onder redakteurskap van Andries van Aarde.

Lede van die Jesus Seminar wat van sosiologiese insigte gebruik gemaak het (insigte wat hulle onder andere ontleen het aan die werk van lede van die Context Group) in hulle rekonstruksie van aspekte van die lewe van die historiese Jesus, is Bybelwetenskaplikes soos John Dominic Crossan,<sup>60</sup> Bernard Brandon Scott<sup>61</sup> en Andries G van Aarde.<sup>62</sup>

Die oorvleueling van sekere dissiplines het veral bygedra tot die oplewing in die bydrae wat deur mens- en gedragswetenskappe in die

---

<sup>59</sup> Andries van Aarde van Suid-Afrika, skrywer van hierdie reeks artikels, is die enigste lid wat sedert 1990 deurgaans deelgeneem het aan beide die Jesus Seminar en die Context Group.

<sup>60</sup> Kyk Crossan, J D 1991. *The historical Jesus: The life of a Mediterranean Jewish peasant*. San Francisco, CA: Harper.

<sup>61</sup> Kyk Scott, B B [1989] 1990. *Hear then the parable: A commentary on the parables of Jesus*. Minneapolis, MN: Fortress.

<sup>62</sup> Kyk Van Aarde, A G 2001a. *Fatherless in Galilee: Jesus child of God*. Harrisburg, PA: Trinity Press International.

studie van die Nuwe Testament gemaak is.<sup>63</sup> Hierdie dissiplines sluit byvoorbeeld psigologie,<sup>64</sup> sosiologie<sup>65</sup> en antropologie<sup>66</sup> in. Subdissiplines soos mediese antropologie<sup>67</sup> en ekonomie<sup>68</sup> het ook gefigureer. Al hierdie ontwikkelinge het Bybelwetenskaplikes daartoe gelei om die impak van sosiale prosesse op die vorming en groei van die vroeë Christendom te herevalueer – soos uitgewys deur veral J P Martin (1987) in sy voordrag voor die Studiorum Novum Testamenti Societas in Cambridge (Engeland), getitel “Towards a post-critical paradigm”<sup>69</sup> en W S Vorster (1988) se bydrae, getitel “Toward a post-critical paradigm: Progress in New Testament scholarship?”.<sup>70</sup>

---

<sup>63</sup> Een van die faktore wat “sosiologiese eksegeese” beïnvloed het, was die wêreldwye klem op sosiale vraagstukke in die 1960er en 1970er jare. Gerd Theissen in Duitsland en Richard Horsley in die VSA het bekendheid verwerf vir hulle belangstelling in politieke vraagstukke van die eerste eeu nC en die implikasies daarvan vir die bestudering van die Nuwe Testament (kyk bv Theissen 1995a, 1995b, 2002 en Horsley 1987, 1996, 2003).

<sup>64</sup> Kyk onder andere Theissen (1983); Pilch (1997a:112-116); Ellens & Rollins et al (2004); Leiner (2005).

<sup>65</sup> Kyk onder andere Holmberg (1990); Stegemann & Stegemann (1995); Horrell et al (1999).

<sup>66</sup> Kyk onder andere die oorsigartikel deur Jerome H Neyrey (1986:160-170), “Social Science modeling and the New Testament”, gebaseer op die boek deur Bruce J Malina (1986a), *Christian origins and Cultural Anthropology: Practical models for Biblical interpretation*.

<sup>67</sup> Kyk veral die werk van John Pilch, in die besonder sy ongepubliseerde oorsig wat aangebied is by die Social Scientific Criticism deel van die Society of Biblical Literature Meeting in Philadelphia (PA) op Sondag, 20 November 2005, “The New Testament and social sciences after thirty years: Retrospect”. Vergelyk verder sy werke “Healing in Mark: A social science analysis” (1985), *BTB* 15, 142-150; “The health care system in Matthew: A social science analysis” (1986), *BTB* 16, 102-106; “Understanding biblical healing: Selecting the appropriate model” (1988), *BTB* 18, 60-66; “Sickness and healing in Luke-Acts”, in Neyrey, J H (ed) 1991, *The social world of Luke-Acts: Models for interpretation*, 181-210; “Understanding healing in the social world of early Christianity” (1992), *BTB* 22, 26-33; “Insights and models from medical anthropology for understanding the healing activity of the historical Jesus” (1995), *HTS* 51(2), 314-337. Pilch se boek (2000) bevat ’n versameling van die meeste van sy bydraes op hierdie gebied, getitel *Healing in the New Testament: Insights from medical and Mediterranean anthropology*. Minneapolis, MN: Fortress. Vergelyk ook Craffert (1997, 1999a).

<sup>68</sup> Kyk veral die werk van Douglas E Oakman (1986), *Jesus and the economic questions of his day*. New York: Edwin Mellen. Vergelyk verder sy werke “The ancient economy in the Bible” (1991), *BTB* 21(1), 34-39; “Was Jesus a peasant? Implications for reading the Samaritan story (Luke 10:30-35)” (1992), *BTB* 22, 117-125; “The ancient economy”, in Rohrbauch, R L (ed) 1996, *The social sciences and New Testament interpretation*, 126-143. Peabody, MA: Hendrickson.

<sup>69</sup> Martin, J P 1987. Towards a post-critical paradigm. *NTS* 33, 370-385.

<sup>70</sup> Vorster, W S 1988. Toward a post-critical paradigm: Progress in New Testament scholarship?, in Mouton, J, Van Aarde, A G & Vorster, W S (eds), *Paradigms and progress in theology*, 31-48. Pretoria: Human Research Council.

## **6. METODOLOGIESE DOSETISME?**

Nog 'n rede vir die oplewing van sosiaalwetenskaplike kritiek was die feit dat eksegete daarvan beskuldig is dat hulle nie genoeg aandag geskenk het aan die verband tussen geloofsaffirmasies wat in die Bybel uitgedruk word en die sosiale kontekste waarbinne dit plaasgevind het nie (kyk o a De Villiers 1984:66-79). Robin Scroggs (1980:164-179) het na hierdie verontagsaming van politieke, ekonomiese en kulturele aspekte verwys as "methodological docetism".

In Duitsland het Gerd Theissen ([1974] 1983a) ook sterk die "kerugmatiese eksegesi" (veral beoefen in die Barth- en Bultmann-skole deur dialektiese teoloë) gekritiseer, omdat dit nie werklik die sosiale en menslike verhoudings in ag neem wat agter tekste soos byvoorbeeld die Nuwe-Testamentiese verhale oor wonderwerke in die Nuwe Testament verskuil lê nie. Hy vind dit problematies as ons te geredelik die realiteite van die angs vir siekte, honger en die dood uit die oog verloor deurdat ons sodanige tekste bloot kognitief benader en dus hulle sosiale alledaagse betekenis omskep in idees asof hierdie tekste in vakuum sonder raakpunte met die grondvlak van die samelewing ontstaan het. Theissen toon oortuigend dat wondervertellings in die antieke tyd (insluitende dié in die Bybel) gefunksioneer het te midde van sosiale konflik. Dit is tekste wat gedien het as die legitimering van sekere ideologiese belange (vgl Van Aarde 1994a:210; Vledder [1994] 1997).

## **7. SAMEVATTING**

Bogenoemde bespreking van die metodologiese aanloop in die navorsingsgeskiedenis van die sosiaal-wetenskaplike kritiese eksegesi van Nuwe-Testamentiese tekste het die volgende resultate aan die lig gebring. In die eerste plek duidelik geword dat teoloë toenemend die eksegetiese benaderings wat deur moderne Westerse vraagstukke opgeroep is, nie onkrities geïmplementeer het nie. Hierdie benaderings het dikwels die onaanvaarbare gees van etnosentrisme geadem. Dit is 'n probleem wat eksegete moeilik kan vermy. Uit die aard van eksegesi word die sosiale dinamiek van Bybelse tye in dialoog met eie-tydse kulturele vraagstukke gebring. Die feit dat dit gebeur, is op sigself nie die probleem nie. Die hermeneutiek van Bybelse tekste vereis so 'n dialogiese betrokkenheid. Eksegete word egter slagoffers van etnosentrisme wanneer hulle in hulle



“betrokke hermeneutiek” (*engaged hermeneutics*)<sup>71</sup> nie genoegsaam tussen kulture onderskei nie. Dit geld die kultuur van die antieke tyd in onderskeid met die moderne of postmoderne kultuur. Dit geld ook, wat die antieke tyd betref, tussen die oos-Mediterreense (bv die Semitiese) en die wes-Mediterreense (bv die Grieks-Romeinse) kultuur en wat die moderne/postmoderne tyd betref tussen byvoorbeeld die kulture van die “Eerste”- en “Derde” wêreld. Die onderskeid tussen verskillende wêreld is dus werkzaam op beide ’n sinchroniese en ’n diachroniese vlak.

Om etnosentrisme te voorkom is om nie die kultuur van die geïnterpreteerde monosentries vanuit die lens van die kultuur van die interpreteerder te interpreteer nie. Dit impliseer ’n bewussyn dat die sosiale dinamiek van kulture in dieselfde periode nie noodwendig dieselfde is nie. Hierdie insig is des te meer toepaslik op kulture wat deur tyd geskei is. Bybelwetenskaplikes behoort in ag te neem dat die Bybel meer as twee duisend jaar gelede in ’n homogene agraries-kulturele gemeenskap ontstaan het,<sup>72</sup> terwyl die hedendaagse sosiale realiteit dié is van ’n geïndustrialiseerde en post-geïndustrialiseerde “wêrelddorp” (*global village*). So kan ons byvoorbeeld nie die Bybel interpreteer asof die industriële revolusie nooit plaasgevind het nie en asof dit nie ons sosiale persepsiepatrone radikaal verander het nie (vgl Holmberg 1990:133; Rohrbauch 1987b:113).

